

Lekkerbekkie Nuusbrief

10 SEPTEMBER 2014 | UITGAWE 72



Inhoud:

- * Gratis kinder storie: Wie het die see gesteel?
- * Produk van die week
- * Gratis inkleurprentjie

annaemm
kinderstories



Teken in en ontvang elke week 'n gratis **Lekkerbekkie Nuusbrief**: lekerbekkie@annaemm.co.za

Wie het die see gesteel? deur Anna Emm

Wikus kuier by sy oupa. Sy oupa het vir hom 'n groot present in geskenkpapier toegedraai. Haastig skeur Wikus die papier af! Binne in is 'n klomp snaakse goed... Daar is 'n duikbril, 'n snorkel, en 'n paar paddavoete. "Dis vir wanneer ons see toe gaan," glimlag Wikus se oupa. "By die see kan jy lekker in die poeletjies speel met hierdie goed."

"Wanneer kan ons see toe gaan, Oupa?" vra Wikus nou opgewonde en spring op en af. Hy was nog nooit by die see nie. Hy kan nie wag nie!

"Ons kan môre gaan as jy opstaan," lag sy oupa.

Die volgende oggend toe Wikus opstaan trek hy die paddavoete aan sy voete, sit die duikbril op sy oë en die snorkel in sy mond, en stap uit buitentoe. Maar hy sien nie die see nie. Hy sien net sy oupa se kar voor die huis staan. "Wie het die see gesteel?" vra Wikus benoud. Maar sy oupa lag. "Nee, Wikus, jy moet in die kar klim en dan rý ons na die see toe."

Wikus klim in die kar en ry saam met sy oupa 'n ver ent. Hulle hou by die parkeerterrein stil en Wikus klim haastig uit. Maar hy sien nie die see nie. Hy sien net die karre wat in die parkeerterrein staan. "Wie het die see gesteel, Oupa?" roep Wikus uit. Maar sy oupa lag en vryf sy hare. "Nee, Wikus, hierdie is net die parkeerterrein. Ons moet dáár na die voetpaadjie toe stap. Kom."

Wikus huppel vooruit na die voetpaadjie wat tussen die bosse uitloer. Maar onder die bosse is dit donker en die paadjie kronkel ver voor hulle uit. Hy sien nie die see nie. "Ek dink iemand het die see gesteel, Oupa!" roep Wikus en wys na die grondpaadjie. Sy oupa lag net en skud sy kop. "Dis net die voetpaadjie hierdie, Wikus-kind! Die see is dáárdie kant toe. Kom, ons moet stap."

Wikus en sy oupa stap al met die grondpaadjie onder die bosse deur. Die paadjie draai die kant toe, en dan dáárdie kant toe. Wikus stap *slop-slop-slop* met die paddavoete in die paadjie. Uiteindelik hoor hy iets daar voor in die pad... Dis maak so *sjjjjj... sjjjj... sjjjj...*

"Dis die see!" roep Wikus opgewonde uit. Hy stap al vinniger tot daar waar die paadjie onder die bosse uitkom. Voor hom lê die oop strand en die mooiste, blinkste see wat hy nog ooit gesien het!

Die hele dag lank speel Wikus heerlik met sy nuwe paddavoete, duikbril en snorkel in die poeletjies by die see, en toe dit tyd word om huis toe te gaan, maak sy oupa sy hare met die groot handdoek droog. Die handdoek val oor Wikus se oë. "Die see is weg, Oupa!" roep Wikus uit. "Iemand het die see gesteel!"

Wikus se oupa haal die handdoek van sy kop af en lag: "Ou snaaksie!" sê hy, en vryf Wikus se hare.

Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinder storie-produkte!
Kontak lekerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za

Produk van die week

Nuut op CD: Kom saam na Dinosaurusland...

Het jy geweet die skrywer van ons Lekkerbekkie-stories, Anna Emm, het al meer as 2000 Afrikaanse kinderstories vrygestel? Meeste van hierdie stories is op CD opgeneem deur bekende name soos Gys de Villiers, Anrich Herbst, Anna-Mart van der Mewer, Diaan Lawrenson en Vicky Davis! Lekkerbekkie Tydskrif is 'n produk van ANNA EMM (PTY) LTD – tans die grootste vervaardiger van kinderstories in die land. Besoek www.AnnaEmm.co.za vir 'n volledige katalogus.

Wanneer Adriaan saam met sy mamma na die groot dinosaurus-uitstalling gaan, ontmoet hulle vir Meneer Jansen - die dinosaurus-kenner. Meneer Jansen glo dat dinosaurusse soos die T-Rex lankal uitgesterf het, maar wanneer Adriaan 'n gat agter een van die gordyne ontdek... vind hy uit dat dinosaurusse nog baie lewendig is! Hulle woon net almal nou in Dinosaurusland... VIER LEKKERLUISTER STORIES OP CD VOORGELEES DEUR ANRICH HERBST!

Spesiale aanbod: Bestel "Dinosaurusland" hierdie week by 'n AnnaEmm-agent en betaal slegs R80 (geldig tot 15 Sept 2014), of bestel dit direk by ons kantoor teen die gewone prys: (R90) - 021 930 0908 | lekkerbekkie@annaemm.co.za Kontak agente@annaemm.co.za vir 'n agent in jou area.

Wanneer Adriaan saam met sy mamma na die groot dinosaurus-uitstalling gaan, ontmoet hulle vir Meneer Jansen - die dinosaurus-kenner. Meneer Jansen glo dat dinosaurusse soos die T-Rex lankal uitgesterf het, maar wanneer Adriaan 'n gat agter een van die gordyne ontdek... vind hy uit dat dinosaurusse nog baie lewendig is! Hulle woon net almal nou in Dinosaurusland...

annaemm
kinderstories

Afrikaanse kinderstories deur Anna Emm!

Voorgelees deur ANRICH HERBST!

Stories op die CD:

1. 'n Nuuskierige dinosaurus
2. 'n Raserige dinosaurus
3. 'n Honger dinosaurus
4. 'n Vreemde dinosaurus

Spesiale aanbod:

**Koop jou Dinosaurusland storie-CD
vóór Maandag 15 Sept @ slegs R80!**

Gewone prys R90 (spaar R10) - slegs by AnnaEmm agente!




Word 'n Anna Emm storie-agent!

As jy belangstel om self 'n agent vir Anna Emm se kinderstories te word, kontak agente@annaemm.co.za | 021 930 0908

Gratis inkleurprentjie

Wie het die see gesteel? illustrasie deur Elanie Bieldt



Verdien 'n ekstra inkomste deur 'n agent te word vir Anna Emm se kinderstorie-produkte!
Kontak lekkerbekkie@annaemm.co.za vir meer inligting of besoek www.AnnaEmm.co.za